IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 1.1.1 Vol. 84 Pg. 4289 - 4310.

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-05-12

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

84

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 84 (IN CAMERA-GETUIE NR. 12)

(Bladsye 4 289 - 4 310 )

COURT RESUMES 1986-05-12

MR BIZOS: My Lord, all the accused are present. We have a request, My Lord, on behalf of Rev. Moselane, accused no. 3, to change his position in the dock. He finds it difficult to watch it from such a short distance, having regard to his eyesight. He asks for permission to go to the back row and view it from some distance, if Your Lordship pleases.

COURT: Do you mean is that too near or is that one too near?

MR BIZOS: That is too near.

COURT: Can't he see from where he is on that point?

MR BIZOS: No, it is difficult. That is too far and too much of an angle.

COURT: Too far? Yes, very well, as long as when we start identifying he will have to change back, should it arise.

MR TIP: My Lord, before My Learned Friend continues, may I advert to the admissions document, AAS4, which was previously being handed up to Your Lordship. My Lord, that is the one that dealt with names and members and a document clarifying and amplifying certain aspects of those admissions has been compiled. I beg leave to hand that up to the Court. That is document AAS6. I might briefly indicate the nature ...

COURT: It is significant that one needs more paper to clarify and amplify than the original.

MR TIP: My Lord, yes, I will explain why it is perhaps a surprisingly lengthy document. What we have sought to do here to the best of our ability, is to clarify the dates, the periods during which various persons held membership on the National Executive Committee of the UDF and various of the regional committees and we have sought to clarify that in terms of when they became members and also when they ceased to become members. Now, it has been compiled in this way in the hope that it would be a more

convenient/..

convenient form for the Court rather than to have to annotate the existing document. The paragraphs 1.2 through to 1.19 of AAS4 have been substituted in this document.

COURT: So, do I then delete pages ...

MR TIP: It will be from page 2 of AAS4 until the top of page 16. It also was discovered that in AAS4 we had inadvertently duplicated 1.6. There were two different entries under 1.6 and I have taken the liberty of renumbering the affected paragraphs in AAS6.

COURT: What is then the result of this clarification?

MR TIP: The result of the clarification is that more precision has been set out in relation to dates, during which people held office on various of the committees.

COURT: And when names are mentioned then they happen to be the names of particular accused, it is mentioned that it is an accused?

MR TIP: That is dealt with. My Lord, if I could draw Your Lordship's attention to one other aspect, that is on page 18 of the document handed up to Your Lordship now, paragraph 10 at the foot of page 18. My Lord, as I have indicated we renumbered certain of the paragraphs to take into account the error in the original document. It is observed there as well that the Interim Freedom Charter Committee referred to in paragraph 1.18 upon which M. Valli served was not a committee of the UDF. My Lord, that is a clarification because it is contained under the general heading of United Democratic Front and it is merely to avoid the impression that is necessarily a committee of the United Democratic Front and in paragraph 11 of this document which begins on page 21 we confirm where persons bearing the names of accused persons are referred to in EXHIBIT AAS4, it is intended that such persons are indeed the accused persons bearing those names and in the interest of certainly and again convenience we have

set/..

set out in respect of each accused the paragraphs where his name appears.

COURT: Thank you, Mr Tip. It goes in as AAS6.

IN CAMERA-GETUIE 12 v.o.e. (Deur Tolk)

HOF: Net 'n oomblik, mnr. Jacobs. Die getuie wat ons tans voor ons het is getuie I.C.12.

MNR. JACOBS: Ja, en met die speel van die band het ons gekom by nr. 2460. Ons kan net daarvan voortgaan.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Kan ons by 2460 weer begin. Kan u maar speel. (Video word gespeel - stop.)

COURT: I see there is a new gentleman in court that I have not seen here before. This hearing is in camera. Yes, proceed, please.

MNR. JACOBS: Terwyl ons nou hier gestop het, kan jy daardie persoon wat nou daar is miskien identifiseer en sê wie is hy? -- Dit is nie duidelik nie. Dit is 'n bietjie donker. Ek kan nie daardie persoon goed sien daar nie.

HOF: Wat is die nommer nou? 2499. (Video word gespeel - stop.)

MNR. JACOBS: Kon u die persoon toe herken in die res van die program daar? -- Al wat ek kan sê ek onthou dat die persoon daar was. Ek weet net nie wat die persoon se naam is nie.

HOF: Wat is die nommer? 2549. (Video word gespeel - stop.)

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons daardie persoon identifiseer?

HOF: Wat is die nommer? 2577. -- Ek sien die persoon daar. Ek herken die persoon, maar ek weet nie wat die persoon se naam is nie.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 2656. -- Die manspersoon wat ek sien daar op die verhoog langs die vroumense, dit is die persoon wat ek van gepraat het wat opgetree het as 'n tolk tydens die toespraak van mev. Nyembe.

Dit is die persoon met die geel T-hempie aan? -- Ja.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 2724. -- Ek wil dit net

genoem/..

genoem het vir die Hof dit is nou die gebeure wat ek van gepraat het waar hierdie persoon opgetree het as 'n tolk. Nou is hy besig om op te tree as 'n tolk.

En die dame wat praat? -- "Mrs Nyembe" is die dame wat praat.

(Video word gespeel - stop.) Is dit die einde van die band? Nr. 3331 is die einde van die band. Dit was band 11, BEWYSSTUK 11.

MNR. JACOBS: BEWYSSTUK 11. Kyk, jy het nou 'n geleentheid gehad om deur hierdie band te kyk, is dit verteenwoordigend, hierdie bandopname wat jy nou na gekyk het, van die gebeure op daardie betrokke vergadering? -- Dit is so.

Van die persone wat daar opgetree het en ook die toesprake wat daar gehoor is? -- Ja, dit is so.

U Edele, ek gaan nou oor na 'n ander aspek toe, na 'n tweede aspek. Kan jy vir ons sê in 1983, was daar 'n organisasie SOYCO gestig? -- Ja, dit is so.

Waarvoor staan SOYCO? -- Soweto Youth Congress.

Hoe het dit gekom dat hierdie organisasie gestig word? -- Mag ek dit miskien in Engels verduidelik wat gebeur het? Ek dink ek sal beter instaat wees om dit te kan verduidelik.

HOF: Ja, net voor die getuie verduidelik, die beeld kan maar afgesit word. Yes? -- SOYCO, like I said stands for Soweto Youth Congress. The reason why this thing was formed, this organisation was formed, it is because there were problems which COSAS by then encountered concerning the members who were no more at school but who remained within COSAS because essentially COSAS is an organisation for students at high schools. Now, the problem that caused these people to belong to COSAS had to be solved. There had to be an organisation established for these people who were no more at school specifically. That is how SOYCO came about.

Ek wil u net iets vra. Is SOYCO dan 'n organisasie wat op presies dieselfde standpunt staan as COSAS maar net vir ouer

lede/..

lede? -- Nee, ek sal nie sê dit is dieselfde standpunt nie, want hulle "constituency" is nie op skool nie terwyl COSAS s'n te doene het met die skole.

Maar behalwe vir die feit dat COSAS nou by die skool is en SOYCO buite die skool, na-skools, het hulle dieselfde beginsels en dieselfde doelstellings of nie? -- Ek sal sê daar is sekere dinge wat hulle albei kan doen. Daar is sekere dinge wat hulle nie albei kan doen nie in die sin dat dit miskien betrekking het op SOYCO wat COSAS nie in staat is om uit te voer nie en terselfdertyd daar is miskien dinge wat hulle albei kan doen in die sin dat COSAS kan ook iets daaromtrent doen.

Is COSAS 'n organisasie wat te doen het met probleme op die skool alleen of het hy 'n wyer doelstelling? -- Eintlik met die stigting van COSAS dit was bedoel dat COSAS te doene het met skoolprobleme wat op skool ondervind word, maar dit gebeur soms dat daar probleme is in die gemeenskap wat tot 'n mate direk die COSAS raak. In daardie sin dan sal COSAS ook optree buite die skole namens die gemeenskap.

As 'n mens nou konkreet 'n voorbeeld kan noem, byvoorbeeld die stigting van 'n Gemeenskapsraad of 'n stadsraad of 'n dorpsraad, is dit iets wat buite COSAS val of is dit iets waarby COSAS betrek word? -- Dit raak COSAS, want soos ek alreeds gesê het daar is sekere dinge wat die gemeenskap raak en wat dan terselfdertyd die skoolkinders raak. In dié sin is COSAS ook betrokke daar.

Beteken dit dan dat COSAS hom nie beperk tot die skool alleen nie, maar dat hy ook 'n breër politieke veld betree? -- Ja, ek stem saam.

Nou, SOYCO, wat is die doel van SOYCO, behalwe om die mense uit SOYCO uit te hou, maar wat doen die mense in SOYCO? -- Weens die feit dat hulle vroeër lede was van COSAS en omdat hulle

nou die/..

nou die skool verlaat het, hulle nou aan SOYCO behoort, hulle het die reg om namens die gemeenskap op te tree. Indien daar enigiets is wat die gemeenskap raak, is hulle geregtig om op te tree.

Maar is hulle dan 'n blote politieke organisasie? -- Ek vind dit 'n bietjie moeilik om dit so te stel en dit te verduidelik soos dit vir my gevra word of dit nou 'n politieke organisasie is al dan nie. Die rede daarvoor is SOYCO doen van die dinge wat eintlik deur COSAS moes gedoen gewees het, maar weens die feit dat COSAS party van die dinge nie sal regkry nie, dan moet hulle deur SOYCO gedoen word. In dié sin vind ek myself in 'n moeilike posisie hoe om 'n politieke organisasie te beskrywe.

Gee vir my 'n voorbeeld van die dinge wat COSAS nie doen nie en wat SOYCO dan moet doen. -- Byvoorbeeld die bestaan van raadslede in die gemeenskap. COSAS het eintlik geen seggenskap daaromtrent nie. Mense wat wel iets te sê het daaromtrent is SOYCO in dié sin dat indien daar enigiets is waar die gevoel nie aanvaar word deur die gemeenskap nie, dan sal SOYCO intree om daardie probleem op te los namens die gemeenskap.

Bedoel u nou gewelddadig intree? -- Ek bedoel nie gewelddadig nie, maar ek bedoel as hulle miskien nie saamstem met dit wat gebeur nie sal hulle dan hulle gevoelens voortbring en vir die mense laat weet, dit wil sê optree.

Hoe sal hulle dit doen? -- Partykeer byvoorbeeld pamflette te laat opskryf en dit te laat versprei in die gemeenskap sodat bekend kan word deur die gemeenskap wat hulle gevoel is.

Hoe stel hulle nou vas, hoe stel SOYCO vas wat die gevoel is van die gemeenskap waarvolgens hulle moet optree? -- SOYCO bestaan uit die jeug wat nie meer op skool is nie en hulle het ouers. Dié sal hulle altyd kan vasstel van hulle ouers, byvoorbeeld as hulle nou gesels by die huis, dan sê die ouer byvoorbeeld ons hou nie van hierdie ding nie en daardie een en daardie

een. Op die manier kom dit dan by SOYCO.

Wat is die verskil tussen SOYCO en COSAS en AZASO? -- AZASO is ŉ organisasie vir die unversiteite, technikons, by onderwysopleidingskole.

So, is COSAS dan by die hoërskool en AZASO by die universiteit, technikon en onderwysopleidingsinstansie en SOYCO vir mense wat nie by een van daardie twee is nie? -- Ja, dit is so.

Dit is nie dat ŉ mens ŉ lid kan wees van SOYCO en van AZASO nie? Gelyktydig. -- Dit word nie toegelaat nie.

En AZASO het dieselfde basis as COSAS, in die sin van hulle tree op in verband met dinge by die unversiteite en technikons en onderwysopleidingsinstansies, maar ook ander dinge buitekant? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS: Om aan te sluit net by wat die Hof nou vir jou gevra het, COSAS, AZASO en SOYCO, was hulle almal geaffilieer by UDF? -- Dit is so.

Wat was die posisie met hulle omtrent die nasionale kampanjes van UDF? Wat moes hulle doen? -- Soos ek alreeds gesê het COSAS en AZASO het hulle eie "constituency" en as daar so iets is, byvoorbeeld die kampanje, en hulle het aangesluit by hierdie organisasie, dan sal hulle hulle rol speel deur dit met hulle "constituency" te bespreek.

Moes hulle UDF se kampanjes uitvoer om lid te wees van UDF? -- Ja, dit is.

Vir die stigting van SOYCO, het julle ŉ liggaam gestig, ŉ stigtingsliggaam op die been gebring om die stigting daarvan te reël? ŉ Komitee of ŉ liggaam. -- Ja, ŉ komitee, nie ŉ organisasie nie. ŉ Komitee wat gewerk het vir die stigting.

Wie het hierdie komitee op die been gebring, tot stand gebring? -- COSAS het begin.

Jyself, het jy op daardie komitee gedien? -- Ja, ek was.

Het/..

Het daar van ander organisasies nou ook mense gekom wat hierdie komiteevergaderings van julle bygewoon het? Deelgeneem het aan die besprekings. -- Wat ek wel kan onthou wat gebeur het net voor die stigting van SOYCO, die komitee het sekere mense gestuur, dit wil sê die komitee wat gewerk het vir die stigting, na verskillende organisasies toe om 'n woord daar uit te voer met die mense en te verneem wat die mense se gedagte is aangaande die stigting van SOYCO.

Het van daardie mense met wie hulle gaan praat het, die komiteevergaderings van julle toe bygewoon? -- Nee, nie noodwendig nie, want die rede hoekom ons mense gestuur het na hierdie organisasies toe was dat die persoon die mense van daardie organisasie te gaan verwittig dat ons besig is om 'n organisasie te stig met die naam van SOYCO. So, dit was eintlik nie nodig vir die ander mense van die ander organisasies om na ons toe te kom nie, alhoewel van hulle gekom het.

Wie het gekom? Watter organisasies? -- Ek sal nie sê dat mense van spesifieke organisasies gekom het nie, maar sekere mense wat ek onder my indruk gehad het as mense met ondervinding van die stigting van organisasies, het ons genader as 'n stigtingskomitee en ons het toe gesprekke met hulle uitgevoer.

Wie is die mense? -- Ek onthou een wat hulle genoem het Matotsi Lephosa.

Van watter organisasie was hy? -- Ek ken nie die persoon so goed nie, maar met my swak geheue om hom te beskryf sal ek sê hy het te doen gehad met die handelsdryfmense van Soweto.

Wie nog? -- Popo Molefe is nog een wat ek onthou.

Is dit beskuldigde nr. 19 hier by die hof? -- Ja.

As watter organisasie het hy daarnatoe gekom, verteenwoordiger? -- Destyds was hy aan my bekend as 'n lid van Civic Association.

Watter/..

Watter een? -- Ek kan nie met sekerheid sê by watter gedeelte nie, maar as ek nie verkeerd is nie was hy iewers in Soweto 'n lid van 'n Civic Association en as my geheue my nie in die steek laat nie sal ek sê in die omgewing van Senaoane.

Nog mense? -- Die derde persoon was Frank Chikane wat ek kan onthou.

Van watter organisasie het hy gekom toe hy julle vergaderings bygewoon het? -- Ek weet nie onder watter organisasie het hy daar gekom nie, as 'n lid van watter organisasie nie, maar ek ken hom as 'n predikant.

Nog persone? -- Ek kan nie die ander onthou nie.

Kan jy vir die Hof sê wat was beskuldigde nr. 19, toe hy daar bygewoon het, wat was sy mening omtrent die stigting van SOYCO en wat het hy vir julle daarso toegespreek oor? -- Ek sal nie in staat wees om sy woorde te kan herhaal nie. Al wat ek kan sê in sy woorde hy was 'n persoon wat daarvan gehou het dat hierdie organisasie gestig word.

Die ander twee persone, Frank Chikane en die ander man wat - jammer, ek kan nie sy naam uitspreek nie. -- Dieselfde geld vir die twee. Hulle het ook daarvan gehou.

Julle het toe georganiseer vir hierdie vergadering waarop SOYCO geloods moes word, is dit korrek? -- Ja, dit is so.

Die organisering het julle gereël of gereël dat 'n saal, 'n spesifieke saal verkry moet word waar die loodsingvergadering, stigtingsvergadering gehou sou word? -- Ja, sekere mense was opdrag gegee om na 'n saal te soek, dit wil sê wat gebruik kan word.

En op watter saal het julle besluit uiteindelik? -- Hulle het daar vasgestel dat 'n beskikbare saal vir die dag sal wees Dube Y.

HOF: Is dit nou die YMCA? -- Ja.

MNR. JACOBS: Waar is Dube geleë? -- Dit is 'n saal te Soweto in

die/..

die wyk bekend as Dube.

Is Dube deel van Dobsonville of nie? -- Nee, Dube is nie in Dobsonville nie. Dit is ver van Dobsonville.

Het julle besluit op 'n datum wanneer hierdie stigtingsvergadering gehou sou word? -- Ja, dit is so.

Wanneer was die datum? -- As ek nou reg onthou dit was 'n Sondag, 31 Julie 1983.

Het julle uitnodigings, advertensies van hierdie vergadering geplaas of uitnodigings gestuur aan ander mense, organisasies? -- Daar was uitnodigings gewees wat uitgestuur was na die "church organisations, youth clubs", net daardie twee.

Enige ander advertensies? --Nie wat ek van kan onthou nie wat daar was.

Het julle ook besluit op sprekers vir hierdie organisasie wat julle sou uitnooi? -- Ja, dit is so.

Watter sprekers het julle oorweeg en op besluit? -- Daar is 'n heelwat paar name. Oscar Mpetha, Eric Molobi, dr. Motlana, Dan Montsisi, Archie Gumede, Oupa Monareng, Mkusele Jack. Daar is 'n paar ander name wat ek nou nie meer op die oomblik kan onthou nie. Daar is wel ander name, maar ek kan hulle nie meer (20) onthou nie.

Kan jy onthou of beskuldigde 19 een van julle uitnodigings was? (Tussenbeide)

HOF: Dit is Popo Molefe. -- Ja, hy was daar.

MNR. JACOBS: Het julle net op Swartmense besluit of was daar ook anderkleuriges, Indiërs of van die aard? -- Daar was Indiërs gewees.

Het julle besluit wie sou die voorsitter op daardie vergadering wees? -- Ja, Kehla Shubane was die voorsitter gewees.

Die vergadering is dan gehou op, as ek reg het, 'n Sondag- (30) oggend, 31 Julie. (Tussenbeide)

HOF/..

HOF: Ek wil net duidelikheid hê, mnr. Jacobs, u sê al hierdie mense is nou op besluit dat hulle sou sprekers wees en op besluit dat dit voorsitter sou wees, maar is die vergadering gehou met die sprekers en met die voorsitter?

MNR. JACOBS: Ek wil dit - as ek nou by die vergadering gekom het daarop ingegaan het. Laat ek dit miskien nou afhandel voordat ek - het Kehla Shubane die betrokke dag op daardie betrokke vergadering toe opgetree as voorsitter? Dit is Sondagoggend, 31 Julie 1983? -- Ja, dit is so.

En die persone wat jy genoem het hier, het hulle almal opgetree toe op daardie betrokke vergadering as sprekers? Dit wat jy kan onthou.

Kan jy sê was beskuldigde 19 'n spreker daar gewees of het hy ..? -- Ja, hy was.

Die vergadering wat toe die oggend begin het van 31 Julie 1983, het jy die vergadering bygewoon? -- Ja, ek was teenwoordig.

Toe jy by die saal aangekom het, is dit in hie die saal, die Dube YMCA-saal? -- Ja, ons was in daardie saal gewees.

Ken jy die saal baie goed? -- Ja, ek ken die saal.

Hoe laat het jy by die vergaderplek opgedaag, by die saal? -- Die vergadering moes begin het om 10h00. As my geheue my nie in die steek laat nie, as ek reg onthou, toe ek daar gekom het, dit was omtrent halftien. Tussen halftien en tienuur was ek daar gewees.

Was daar enigiets opmerklik buitekant die saal toe jy daar gekom het wat jy opgemerk het? -- Ja, wat ek spesifiek kan onthou is dat die omheiningsdraad buite, as 'n mens dit nader, was daar plakkate daar op gewees wat bekend gemaak het oor die "launch" van SOYCO.

HOF: Plakkate of baniere? -- Volgens die Hof se verduideliking aan my wat die verskil is tussen die twee, dit is 'n plakkaat

en 'n banier/..

en 'n banier, dié was 'n plakkaat gewees op 'n harde papier opgeskryf, nie materiaal nie.

MNR. JACOBS: Nog iets daar opgemerk in die omgewing van die saal? -- Dit is al wat ek kan onthou wat ek daar buite opgemerk het.

Het jy enige motors, spesifieke motors miskien daar buite opgemerk toe jy daar opgedaag het? -- Ja, ek onthou dat ek die polisievoertuie gesien het wat net buite die omheiningsdraad daar gestaan het.

Het u toe in die saal ingegaan? -- Ja, ek het.

Wat was die mense wat voor jou nou daar by die saal opgedaag het, besig om te doen by die saal toe jy daar inkom? -- Hulle was besig om te sing.

Hoe het hulle gesing? Het hulle op hulle plekke gesit toe hulle sing of plekke gestaan of hoe het hulle gesing? -- Hulle het gestaan terwyl hulle gesing het. Ek sal sê in die singery, sal ek beskrywe dat hulle gedans het ook.

Hoe het hulle hierdie keer gedans? -- Ek kan nie 'n spesifieke manier beskrywe of onthou wat ek aan die Hof kan beskrywe hoe die mense gedans het daar. Wat ek wel kan onthou is dat die mense gesing het en gedans het.

K254 Wat het hulle gesing? -- Hulle het liedere gesing waarin hulle name genoem het van persone wat gestraf is, gevang is, gevlug het en dood is.

Is dit nou mense wat lede is van die ANC? -- Dit is so, ja.

Is dit vryheidsliedere? -- Ja.

Het jy deelgeneem aan die singery? -- Ja, ek het.

Toe die vergadering begin, het jy plek ingeneem in die saal? -- Ja, ek het gaan sit.

Waar het jy in die saal gesit? -- Ek het omtrent min of meer in die middel van die saal gesit, dit wil sê tussen die gehoor.

Was hierdie saal spesifiek, plekke waar sekere groepe gesit

het/..

het of het hulle sommer algemeen deurmekaar gesit? -- Die sprekers moes op die verhoog gaan sit het.

Ja? -- Asook die voorsitter wat ook op die verhoog was.

Die saal, was hy opgemaak op enige wyse? -- Daar was gewees - wat gebeur het, is voor die sprekers daar op die verhoog waar hulle gesit het, was daar 'n plakkaat gewees met die bewoording wat daar aandui dat daar 'n stigting was van SOYCO. Agter hulle was daar 'n groot wit banier.

Kan jy onthou hoe die banier gelyk het? -- As ek nie fouteer nie, die bewoording wat ek nou net genoem het, was daar geskryf gewees. "Soweto Youth Congress Freedom in our Lifetime."

Nou, die plakkaat wat voor die sprekers was wat jy gesê het, waar was dit voor die sprekers? Was dit aan iets vasgeheg? -- Die plakkate was voor die tafels gewees. Eintlik hulle het dit laat staan dat dit teen die tafels was.

HOF: Dit was nie net een plakkaat nie, maar plakkate? -- As ek nog reg onthou, ja, dit was plakkate gewees, nie 'n plakkaat nie.

MNR. JACOBS: Die sprekers, was hulle daar op die verhoog? Het hulle daar op die verhoog gesit agter die tafel? -- Dit is so.

Wat het die voorsitter, Kehla Shubane, toe gedoen? Wat het hy gedoen by die aanvang van die vergadering? -- As ek nog reg onthou hy het die sprekers voorgestel aan die gehoor.

Het hy eers die sprekers as geheel voorgestel, een na die ander daar, of het hy hulle voorgestel later soos wat hulle hul toesprake gelewer het? As ek miskien net duidelikheid daaroor kan kry. -- Soos ek gesê het as ek reg onthou die persoon, die voorsitter het eers die persoon geroep. As die persoon opstaan dan sal hy eers daardie persoon voorstel voor die persoon dan 'n toespraak maak.

Kan jy onthou of al die sprekers daar was toe julle moes begin of het van hulle later gekom? -- Toe die vergadering 'n

aanvang/..

aanvang geneem het, was hulle nog nie almal daar nie. Dit is een van hulle wat nog nie daar was nie.

Wie is dit? -- Oscar Mpetha.

Kan jy onthou of hy opgedaag het by daardie vergadering lateraan? -- Ja, terwyl die vergadering aan die gang was, het hy opgedaag. Daar was 'n spreker wat besig was met 'n toespraak.

Wat gebeur toe hy opdaag? -- Toe hy daar opgedaag het, die spreker het gestop met sy toespraak en die gehoor het opgestaan en toe 'n lied begin sing waarin hulle melding gemaak het van sy naam, eintlik hulle het hom geprys in hierdie lied.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): Dit is nou vir Mpetha? -- Mpetha, ja. Wat ek nog kan noem is toe hy daar gekom het, was hy op 'n rystoel gewees wat hy mee gestoot was. Toe hy die saal binnegekom het, is hy met die rystoel opgetel en op die verhoog geplaas tesame met die rystoel.

MNR. JACOBS: Kan jy vir die Hof sê daar in die saal, het jy enige kameras en goed opgemerk wat daar besig was in die saal? Videokameras onder andere? -- Ja, daar was kameras gewees.

'n Videokamera ook? -- Ja, ek het 'n videokamera gesien.

Wat daar afgeneem het? -- Ja.

Kan jy miskien net vir ons sê wie het die videokamera gedra? Kan jy onthou wie die persoon is wat die afneemwerk daar met die videokamera gedoen het? -- Dit is 'n onbekende persoon aan my en ek kan nie onthou wie die persoon is nie.

U Edele, ek wil 'n volgende bewysstuk ..

HOF: Net voor u al die seëls breek, die vorige bewysstuk was BEWYSSTUK 11, die videoband, het ons dit al teruggekry?

MR TIP: My Lord, whilst this is happening, I presume that ...

HOF: Kry die band asseblief uit en gee dit vir my klerk, asseblief.

MR TIP: My Lord, I presume that this video is going to be

tendered/..

tendered on precisely the same basis and subject to the same ruling as the previous ...

COURT: The same objection holds and the same ruling applies.

MR TIP: As Your Lordship pleases.

MNR. JACOBS: U Edele, daardie band is nou aan die Hof se klerk oorhandig, BEWYSSTUK 11.

HOF: Dankie.

HOF VERDAAG VIR TEE. HOF HERVAT.

IN CAMERA-GETUIE NR. 12 (Nog onder eed)

MNR. JACOBS: U Edele, die volgende bewysstuk wat ek wil inhandig gaan wees BEWYSSTUK 25 ...

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): BEWYSSTUK 25 is reeds ingehandig.

MNR. JACOBS: Ekskuus, BEWYSSTUK 28 en die transkripsie wat daarby gaan saamloop lateraan is 25V of V25 en BEWYSSTUK 28 is die nommer wat dit gaan wees. U Edele, die bewysstuk is geseël in 'n amptelike koevert, geseël met Polisieseël op rooi seëllak nr. 1141. Op die koevert is bo aangebring "Oorspronklike video gemerk op agterkant nr. 49 (180) SOYCO." Op bokant kleefbandstrokie met nr. 13 daarop - 113 daarop. U Edele, met u verlof breek ek dan die seël in die hof. (Seël word gebreek.) Binne-in is dan 'n kasset in 'n houer. Die houer staan bo-op Sharp E180 Videokasset VHS. Die band self - op die rugkant van hom is daar 'n kleefband geplak waarop staan "nr. 49 (180) SOYCO" en dan die kleefband daar, die plakkertjie wat genoem word met die nommer 113 daarop is op die plakker van hierdie band aangebring. U Edele, met u verlof vra ek dat ek dit inhandig dan as bewysstuk op hierdie stadium, as BEWYSSTUK 28 en dat ons dit speel in die hof.

Meneer, net voordat die band begin speel, ek wil vra dat u ook sal let op hierdie band, as u dit herken of persone of insidente, enigiets wat jy voel wat jy tot die Hof se aandag wil bring

stop die/..

stop die operateur en dan verduidelik jy soos in die vorige geval. -- Ek sal so maak, ja.

HOF: Mag ek net vra, voordat u begin, werk met hierdie band dieselfde nommer en sisteem as by die vorige?

OPERATEUR: Ja, U Edele.

HOF: Goed, begin hy by nr. 1?

OPERATEUR: Hy begin by 0000.

HOF: Gaan maar voort. (Video word gespeel - stop.) Nr. 15. -- Die beeld wat u nou daar sien is die plakkate wat ek van gepraat het wat net voor die sprekers was op die verhoog.

Daarop staan SOYCO, heelbo is daar 'n banier of 'n vlag, wat in die middel daarvan staan dink ek is "Youth", maar ek kan nie mooi sien nie. "Youth". Onder is groot geskryf SOYCO en onder SOYCO "Unity, Action, Freedom." Ja? (Video word gespeel - stop.) Nr. 19. -- Ek herken die drie persone wat nou tans op die beeld is.

Gee hulle vir ons van links na regs soos u na die beeld kyk. -- Dr. Motlana, Archie Gumede en Curtis Nkondo.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 26.

MNR. JACOBS: Die vierde persoon wat na Curtis Nkondo in die beeld gekom het, kan jy vir ons sê wie is hy? -- Ek weet nie wat sy naam is nie.

HOF: (Video word gespeel) Nr. 29. -- Die persoon met die gestreepte hemd daar is die persoon wat as voorsitter daar was.

Kehla? -- Ja.

(Video word gespeel - stop.) -- Die persoon langs hom nou wat duidelik is op die beeld is die persoon wat ek van gepraat het as een van die sprekers, naamlik Oupa Monareng.

Wat is die nommer hier? 31. Hy staan en hy kyk op na sy regterkant toe. Ja? (Video word gespeel - stop.) Nr. 34. -- Die persoon wat daar staan met die wit op die beeld, dit is die

persoon/..

persoon wat eintlik voor die gehoor verbyloop, ken ek goed. Dit is Simon Nkoli.

MNR. JACOBS: Is dit beskuldigde 13 hier by die hof?

HOF: Laat hom opstaan. -- Ja, dit is hy.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 76. -- In my getuienis vroeër het ek gesê daar is sekere mense wie se name ek vergeet het. Verskoning, wat ek sê is,het ek gepraat van persone se name wat genoem word in die liedere terwyl die mense sing. Een van die name wat ek van gepraat het, is dié wat 'n mens nou hier kan hoor van Oliver Tambo.

Ja, gaan voort. (Video word gespeel - stop.)

MNR. JACOBS: Kan ek net hierso vir jou vra, hierdie man hierso met die wit wat daarso staan en dan die voorskreeu doen en die hande klap, wie is dit? (Tussenbeide)

HOF: Wat is die nommer? 89.

MNR. JACOBS: Laat hy net 'n bietjie teruggaan, dan speel u hom net dat hy hom kry. (Video word weer gespeel - stop). Daar kom hy nou. Laat hy maar net aanloop dan kan u 'n kans kry om na hom te kyk. (Video word gespeel - stop.)

HOF: Nr. 159. -- Op hierdie stadium wil ek net die saal identifiseer. Die saal van Dube Y het bruinerige gordyne aan die kante soos 'n mens dit kan sien.

Ja? (Video word gespeel - stop.) Nr. 177. -- Dit is die videomasjiene wat ek van gepraat het dat hulle daar was wat ek gesien het.

Met die twee operateurs. -- Ja.

(Video word gespeel - stop.) Dit is nou blykbaar 'n onderbreking in die videoband wat nou met 'n ander onderwerp voortgaan. Nr. 182. Ja? -- Dit is buite die saal by die omheiningsdraad van die perseel. Soos ek alreeds vroeër gesê het in my getuienis daar is plakkate teen die omheiningsdraad soos hulle daar sigbaar

is op/..

is op die beeld van die video. (Video word gespeel - stop.) Nr. 206.

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons sê daardie, waar is dit en daardie banier wat daar is, kan jy dit herken of plakkaat? -- Ja, dit is die banier wat ek onthou wat ek vroeër van gepraat het.

HOF: Wat staan onder die hoof-woorde "Freedom"?

MNR. JACOBS: "Freedom in Our Lifetime."

HOF: "Freedom in our Lifetime." Die banier is groot bo die sprekers teen die sprekers agter. Is dit teen die muur agter of hang dit aan die voorkant van die verhoog af? In elk geval, daar staan op "Soweto Youth Congress Freedom in Our Lifetime" en dan toon die prentjie of die beeld toon die sprekers op die verhoog. Ja, gaan maar voort. (Video word gespeel - stop.) Nr. 248. -- Vat hom 'n bietjie terug vir my. Ek wil die persoon sien agter die een wat staan en praat daar. (Video word teruggespeel - stop.) Die persoon wat ek daar nou herken op die verhoog is een van die sprekers, Dan Montsisi.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 397. -- Die persoon wat nou net op die verhoog gekom het, is een van die sprekers, naamlik Eric Molobi.

Is dit die persoon heel links op die beeld? -- Ja.

Met die donker baadjie en swart hemp? -- Ja, dit is die persoon.

(Video word gespeel - stop.) Die persoon wat daar spreek, wie is dit? -- Dit is die een wat ek gesê het dit is Eric Molobi.

As u kyk na bladsy 5 van V25 dan staan daar Kernick Ndlovu, is dit dan verkeerd? -- Dit is 'n groot fout.

Ja, gaan maar voort. (Video word gespeel - stop.) Nr. 434. -- Ek wil iets korrigeer daar. Ek het 'n fout begaan in die begin, mag ek dit korrigeer?

Ja. -- In die begin in my getuienis het ek gesê dat die

voorsitter/..

voorsitter is die persoon wat die sprekers voorgestel het aan die gehoor. Ek was verkeerd. Dit is nie hy nie, maar die persoon wat die sprekers voorgestel het, is die persoon nou op die beeld van die video.

Wie is dit? -- Dit is Eric Molobi.

(Video word gespeel - stop.) Net 'n oomblik. In V25 op bladsy 6 staan daar "Mathews stands and raises his right clenched fist while audience clap hands and Curtis Nkondo raises right arm with fingers closed and thumb outstretched." Ek wonder of dit die bedoeling was, want vantevore is die persoon Eric Molobi aangedui as Kernick Ndlovu. Kan ons net daardie beeld weer speel? Net 'n bietjie terug, asseblief. Net waar die man opstaan met sy vuis in die lug, Mathews. (Video word gespeel - stop.) Gaan maar voort, dit is korrek.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 713. -- Kan u dit 'n bietjie terugspeel vir my, ek wil daardie persoon beskrywe wat net op die verhoog gekom het. (Video word teruggespeel - stop.)

Wat is die presiese nommer nou? 711. Ja? -- Dit is een van die sprekers wat ek na verwys het as Mkusele Jack van die Kaap af.

K255 (Video word gespeel - stop.) Nr. 2364. -- Die persoon wat die leier is daar en daardie slagspreuke ken ek en ek weet hy was daar teenwoordig.

Die persoon met die serp om die nek? -- Ja.

Wie is hy? -- Sipiwe Tose is sy van.

Wat is hy, 'n student? -- Nee, toe ek hom leer ken het, hy was nie meer 'n student nie, hy was maar 'n man wat gewerk het. Verskoon, hy was nie 'n student nie, maar hy het ook nie gewerk nie.

Beteken dit dat studente werk? -- Ja, ek sal sê hulle werk as studente. Dit is hulle werk.

MNR. JACOBS: Kan jy sê, het hy aan 'n organisasie behoort en

indien/..

indien wel, watter een? -- Na die formulering van SOYCO het hy toe 'n lid geword van SOYCO, alhoewel hy baie van die COSAS se vergaderings bygewoon het.

(Video word gespeel - stop.) Kan jy daardie persoon onthou en wie hy is? (Tussenbeide)

HOF: Nr. 2399. -- Ek ken nie die persoon nie, dus kan ek hom ook nie onthou nie.

Wat is dit, 'n Blankeman? -- Vir my op die beeld daar lyk hy soos 'n Indiërman.

Het u hom daar gesien by die vergadering? -- Ek kan nie meer so goed onthou of ek hom daar gesien het nie.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 2636. -- Ek wil een van die persone identifiseer op daardie beeld, van die persone wat ek gesê het was teenwoordig daar. Dit is beskuldigde nr. 19.

Waar is hy? -- Op die beeld.

Ja, maar ons kyk nou op die beeld. -- Dit is die een agter hulle daar met 'n bruinerige kleur van 'n baadjie wat hy aan het wat vorentoe buk.

Is dit die persoon wat staande is, maar buk en wat dwars kyk? -- Ja.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 2677. -- Soos ek vroeër gesê het in my getuienis terwyl 'n persoon besig was met sy toespraak met Mpetha daar opgedaag as gevolg waarvan die persoon toe gestop het. Onmiddellik toe hy gestop het, het die gehoor toe begin sing oor Mpetha se naam.

MNR. JACOBS: Tydens wie se toespraak is dit wat hy toe inkom? -- Dan Montsisi is die persoon wat besig was met die toespraak.

HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE. HOF HERVAT.

K256 IN CAMERA-GETUIE NR. 12 (Nog onder eed)

HOF: Ons was by 2677 en ons gaan voort. (Video word gespeel - stop.) Nr. 2691. -- Ek wil net genoem het soos ek vroeër gesê

het/..

het dat hy op die verhoog geplaas was met die rystoel soos dit nou daar gebeur het.

Dit is nou mnr. Oscar Mpetha? -- Ja.

Ja, gaan voort. (Video word gespeel - stop.)

MNR. JACOBS: Die twee persone wat nou daar opgestaan het en voorgestel is, wie is hulle? (Tussenbeide)

HOF: Nr. 2742.

MNR. JACOBS: Kan ons miskien net 'n bietjie teruggaan dan kan jy weer kyk. (Video word teruggespeel - stop.) Daardie een. -- Al weet ek nie presies watse werk doen hy en waar hy betrokke is nie, maar ek onthou die naam wat daar genoem word.

HOF: Wat is die naam wat u gehoor het? -- Mewa Ramgobin.

En die ander een? Speel net 'n bietjie verder. -- Ek weet nie wie se naam dit is nie. Ek hoor dit vir die eerste keer daar, maar die gesig van die persoon is bekend aan my.

Die naam wat u gehoor het, wat is dit? -- Ek het dit nie eers mooi gehoor, wat sy naam is nie.

Dit klink soos Memoniat of so iets. Gaan voort. (Video word gespeel - stop.) Nr. 3262. -- Ek wil net melding gemaak het hiervan dat die persoon onthou ek dat sy teenwoordig was en ek wil net vir die Hof gesê het wat die naam van die persoon is.

Ja? -- Zinzi Mandela.

(Video word gespeel - stop.)

MNR. JACOBS: Kan jy miskien net vir ons sê wie is daardie persoon, as jy hom ken. (Tussenbeide)

HOF: Nr. 3364. -- Ek herken hierdie voorkoms van die persoon, maar ek weet nie wat sy naam is nie.

(Video word gespeel - stop.)

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons sê miskien die lesing waar hy nou is, wie is die man wat daardie voorsang doen?

HOF: 3609. -- Ek sien nie die persoon so duidelik op daardie

beeld/..

beeld nie.

Gaan 'n bietjie terug en speel hom oor. (Video word teruggespeel - stop.) -- Ek het die persoon nou gesien. Hy is bekend aan my op die naam van Oupa.

MNR. JACOBS: Ken jy nie sy van nie? -- Nee.

(Video word gespeel - stop.)

HOF: Wat is die woorde van die lied? Nr. 3633. -- "O Tambo, ohlasini." Die leier vra "wensane" en dan gaan hulle aan en sê "osafundisa amajoni."

(Video word gespeel - stop.) (10)

MNR. JACOBS: U Edele, ek weet nie of ons - ek sien dit is nou 15h00 - of ons nog aan sal gaan en of ons miskien op hierdie stadium ...

HOF: Wat is die nommer?

OPERATEUR: 3666.

HOF: 3666. Ons neem nou die verdaging.

HOF VERDAAG TOT 1986-06-13.

the number and then the comment.

MR BIZOS: That is so.

COURT: Then anybody who plays it back will know where the comments are.

MR BIZOS: Perhaps a microphone can be placed near the operator and he can just read the number on.

COURT: We can do that or he can give it and we can repeat it.

(This matter is sorted out by Court and Mr Bizos.)

(Mnr Jacobs deel Hof mee dat dieselfde masjien weer gebruik sal moet word om nommers te laat ooreenstem in die toekoms. Masjien wat nou gebruik word is: JVC - model nr. HR/D 120 ES.)

HOF: Dit word genotuleer dat ons tans die video speel op 'n masjien wat die nommer dra JVC model HR/D 120 ES en dat enige nommers wat ons aanteken op die lopende notule nommers is wat gelees moet word by die terugspeel van die band op daardie tipe masjien. Waar is ons nou? Dit word genotuleer dat die laaste kommentaar gemaak is by nr. 119. Nou gaan ons net voort. (Video word gespeel - stop.) Wat is die nommer? -- Vat dit 'n bietjie terug. (Video word teruggespeel - stop.)

Die nommer is 123. -- Ek onthou dat daar op die prent wat ek daar sien daar was kameras gewees wat op hulle staanders gestaan het en die banier van "June 16" ..

Soos u nou op die prent sien? -- Ja. (Video word gespeel - stop.) Ek het hier vir die Hof gesê dat daar is pilare in hierdie saal. Soos ek nou hier staan aan die linkerkant van my is daar 'n pilaar. Dit is die pilare wat ek van gepraat het.

Die nommer is 146. (Video word gespeel - stop.) Nr. 220. -- Daar is 'n persoon wat ek sien daar wat, soos ek nou hier staan, na my linkerkant toe kyk.

Dit is die persoon voor op die prentjie? -- Ja, die een wat meer duidelik is as die ander.

Wat van/..

Wat van hom? -- Sy was daar. Sy was die tolk wat daar opgetree het as 'n tolk tydens die toespraak deur Nyembe, "Mrs Nyembe."

Kon u die lied wat gesing was tot op hierdie stadium hoor? -- Ja, ek ken die lied.

Wat is die lied se naam? -- Ek weet nie wat is sy naam nie, maar wat ek vir die Hof kan sê is ek weet dat hiedie lied word so gesing.

Nou, wat het u gehoor wat word gesing? -- Die meeste daar is Zoeloe woorde - "Tinasangena". Iewers maak hulle melding van Bazuka. (10)

Speel verder. (Video word gespeel - stop.) Nr. 257. -- Dit is nou die slagwoord waar Tambo se naam genoem word, dié onthou ek.

Wat is die slagwoord? -- Wat gebeur in hierdie slagwoord is daar is 'n leier wat die voornaam van Tambo uitroep en dan die ander roep dan sy van.

(Video word gespeel - stop). Nr. 264. -- Daar is daar weer die banier wat ek van gepraat het wat duidelik is nou - "June 16" se banier.

"Do not mourn .." wat is die tweede woord wat daar (20) staan - "mobilise". -- Ja.

"June 16. Do not mourn. Mobilise. Fight on." -- Ja, dit is die banier.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 273. -- Die banier wat daar sigbaar is, onthou ek. Dié het van Alexandra Youth Congress gekom of gemaak.

Bo-aan staan, aan die linkerkant bo, "Alexandra", regterkant bo "AYCO", dan onder die Alexandra staan "Youth Congress" en dan heel onder "The future belongs to us". In die middel is daar 'n wapen. -- Ja. (30)

(Video word gespeel - stop.) Nr. 285. -- Dit is die banier

wat deur/..

wat deur my tak gemaak was.

Bo-aan staan AZASO. Wat staan daar in groen? Onder staan Soweto College of Education. Eintlik staan daar Soweto College of EDUC. In die middel is met groen letters geskryf, maar is nie op die oomblik tans baie helder nie. Gaan voort. (Video word gespeel - stop.) Nr. 387. -- Ek onthou daar was daardie tipe T-hemde gewees.

Dit is 'n oranje T-hemp waarvan 'n mens nou net die agterkant sien. Is daar bo-op geskryf AZASO? Ja. (Video word gespeel - stop.) Nr. 406. -- Ek sien die persoon daar met die T-hemp. Die T-hemp is soortgelyk aan die T-hemde wat daar aangehad was. Dit is AZASO T-hemde.

Dit is 'n geel T-hemp met die woorde AZASO bo-aan op die bors. Ons sien slegs die borsgedeelte en dit is gedeeltelik bedek deur 'n oorjakkie. Daar is nog ander sake ook op die bors. Gaan voort. (Video word gespeel - stop.) Nr. 410. -- Ek sal na hierdie verwys as pamflette. Dit is ook van die pamflette wat daar was.

Wat is die opskrif daar? Mnr. Bizos, kan u ...

MR BIZOS: Freedom Charter.

HOF: Freedom Charter. Ja? (Video word gespeel - stop.) Nr. 427. -- Dit is 'n wit COSAS T-hemp.

Dit is 'n wit T-hemp met langmoue, nè? -- Nee, dit is kortmoue.

Dit is 'n wit T-hemp met COSAS op die bors geskryf en 'n embleem daaronder. (Video word gespeel - stop.) Nr. 434. -- Dit is nou die "balcony" wat ek van gepraat het in die saal.

Dit is die balkon? -- Ja.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 439. -- Dié is van die slagwoorde wat daar gebruik is.

Slagspreuke. -- Slagspreke, verskoning, wat daar gebruik was.

Wat was/..

Wat was dit? VIVA? -- Mayibuye, dan die ander in die agtergrond sê "I'Africa."

(Video word gespeel - stop.) Nr. 454. -- Dit is een van die liedere wat baie gesing word in hierdie tipe vergaderings.

Wat is die naam? -- Ek weet nie wat sy naam is nie, maar ek weet wat die bewoording is.

Wat is die bewoording? -- Dit is Zoeloe woorde wat sê "U Tambo u se thlatine" - meaning, he is in the bush. Verder as hy voortgaan vra 'n ander een in die gesingery "winsane" en dan in die agtergrond sê die ander "ufundisa amajone".

MNR. JACOBS: Wat beteken dit? -- Soos ek dit verstaan dit beteken hy is besig om opleiding te gee vir 'n militêre of persone om te baklei.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 483. -- Binne-in die saal aan die mure (soos aangedui word deur die getuie) was daar iets wat 'n mens kan beskrywe as pamflette wat daar opgeplak was.

HOF: Is dit wat 'n mens op hierdie beeld sien? -- Ja, dit is wat daar verskyn op die agtergrond.

Wat was op die pamflette? -- Ek sal nie presies kan sê wat op die pamflette was nie. Ek kan nie onthou nie. Ek het eintlik nie spesifieke aandag daaraan gegee nie.

Gaan voort. (Video word gespeel - stop.) Nr. 521. -- Wat ek wil genoem het, soos die Hof nou self kan sien op die beeld hoe die mense daar heen en weer beweeg en omstap. Dit is dié wat ek gister beskrywe het aan die Hof.

Die dansery? -- Ja.

(Vido word gespeel - stop.) -- . Ek soek daardie T-hempie dat dit duidelik word.

MR BIZOS: That is a UDF T-shirt.

HOF: Wat is die nommer? 571. Wat sien u daar? -- Wat ek wil genoem het, is selfs UDF-T-hemde was ook daar gewees.

Goed, gaan maar voort. (Video word gespeel - stop.) Ek het nou drie tekens gesien op die beeld. Heel aan die begin het ek iemand gesien wat sy regtervuis in die lug hou, arm in die lug hou met gebalde vuis maar met sy duim oop. Ek het later mense gesien wat gebalde vuis in die lug hou met die duim geslote, geklem aan die vuis, en ek het nou mense gesien wat hulle vingers in die lug steek, wysvingers in die lug. Beteken dit iets? -- Ek sal kommentaar op die laaste een gee waar hulle met die wysvingers wys, van wat ek dink. Ek neem dit aan dit is net die manier waarop hulle besluit het om te sing en wat hulle besluit het om te doen. Daar is eintlik geen betekenis daarvoor nie.

Dit is 'n deel van die dansery? -- Ja, dit is hoe ek dit vat. Wat hierdie een betref, dit is met die vuis, en die een van die vuis sonder 'n duim wat uitsteek, wat my betref daardie twee - is daar nie so 'n groot verskil tussen die twee nie.

Het dit enige betekenis? -- Ja. Hierdie een sal ek na verwys as 'n "salute".

Dit is met die duim uitgestrek? -- Ja. Dit word meeste van die tyd gebruik as daar politieke vergaderings gehou word, vernaam as die "national anthem" gesing word.

(Video word gespeel - stop.) -- Hierdie liedere wat daar gesing word, soos hulle nou daar sing, ek onthou dat hulle daar gesing was.

Wat is die nommer nou? 623. Dit lyk vir my of daar byna meer mans as vrouens op hierdie vrouensvergadering was. -- Ek sal nie kan sê nie. Ek weet nie.

<u>MNR. JACOBS</u>: Die lied wat jy na verwys het, watter lied is dit, waaroor gaan dit? Wat jy nou onthou het hier, na verwys het. -- Dié wat hulle daar sing, hulle sing ook oor Tambo se naam. Hulle gebruik weer 'n keer daar Zoeloe-woorde wat sê "Bamba

isandla/..

isandla tsami."

HOF: Wat beteken dit? -- Wat ek verstaan is dat die persoon wat sing daar bedoel dat Tambo moet die sangers se hand vat.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 669. -- Gister in my getuienis het ek gepraat van twee persone in hierdie vergadering wat aan my voorgekom het dat hulle by hulle vuurwapens gehad het.

Is dit die AK47's wat u van gepraat het? -- Ja.

Wat sê u nou daarvan? -- Een van die persone daar wat ek van gepraat het verskyn nou op daardie "screen."

(Video word gespeel - stop.) Ja, dit is die man wat ons netnou gehad het. Speel tot die volgende een. Stop. Wat is die nommer nou? 671. Wat sien u daar? -- Dit is nou die tweede persoon wat ek na verwys het.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 718. Is dit die ander persoon met die AK? -- Dit is een van die twee wat vroeër hier op die "screen was."

(Video word gespeel - stop.) Nr. 721. -- Dit is nou die tweede een weer.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 727. Wat sien u daar? -- Ek sien weer daardie gewere daar. Hulle is bo in die lug gehou.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): Was dit hierdie keer net twee of was daar drie? -- Op die oomblik daar sien ek net twee.

'n Bietjie terug. (Video word teruggespeel - stop.)

HOF: Daar is op die oomblik twee.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): Daar is nou op die oomblik twee, ja.

HOF: Speel hom 'n bietjie verder. (Video word gespeel - stop.)

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): Daar is drie.

HOF: Ja, as dit nie 'n skaduwee is nie.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): Dit kan wees.

HOF: Dit is 'n moontlikheid dat dit 'n skaduwee kan wees teen die

muur/..

muur. U kan dit weer speel. (Video word weer gespeel - stop.) Dankie. Dit lyk of dit die skaduwees is wat maak dat daar meer as twee is. Gaan voort. (Video word gespeel - stop.) Nr. 742. -- Ek onthou daardie prent wat daar voorkom, dat ek dit goed gesien het. Nou sien ek dit duidelik ook daar.

'n Groot plakkaat waarop staan "Do not mourn. Mobilise. Fight on." -- Dit is die een van "June 16."

(Video word gespeel - stop.) Nr. 756. -- Wat ek wil gesê het dit wat ek reeds genoem het kom nog voor op hierdie prent.

Dit is weer die AK47's? -- Ja.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 797. -- Dit is een van die goedere wat ons gekry het in daardie vergadering. (Die getuie het oorspronklik gesê dit word gebruik vir advertering.)

Wat is die ding wat ons daar sien? Dit is baie dof op die oomblik. Kan u hom helderder maak, asseblief. Speel hom maar weer terug dat ons kyk of hy duideliker is. Op die oomblik is hy baie onduidelik. (Video word weer gespeel.) Wat is dit? Is dit 'n soort wapen of embleem of wat is dit? -- Ek sal sê dit is 'n enbleem, dié van UDF, wat 'n mens aan die bors kan vassteek.

Het jy dit daar by die vergadering gekry? -- Ja, ek het ene gehad.

Dit is geel en daarop is swart letters? -- Ja.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 810. Nou wil dit voorkom asof daar 'n onderbreking is in die band en asof daar 'n nuwe stuk voortgaan op die video, want daar is nou iemand aan die woord met 'n mikrofoon. Ja, praat maar. -- Die persoon sal ek sê was die "chairman" of die "chairlady" van daardie vergadering. Ek weet net nie wat die naam van die persoon is nie.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 842. -- Die persoon langs die persoon wat praat, wat daar sit langs die persoon wat praat, is aan my bekend.

Ja/..

Ja? -- Dit is een van die sprekers van die vergadering. Haar naam is Amanda Kwadi.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 858. -- Dit is die banier wat ek onthou wat ook daar was, aan die agterkant van die verhoog.

Ja, dit is 'n geel banier met groot bo-aan geskryf "AZASO Fourth Annual National Congress 1984 July Soweto". Aan die linkerkant is daar 'n embleem, 'n kring met binne-in 'n hand wat lyk of dit iets vashou, en onderaan is daar ook nog geskryf in groen "Organising For the People's Education."

(Video word gespeel - stop.) Nr 867. -- Ek onthou die persoon wat nou daar besig was om te praat as een van die sprekers in die vergadering.

Sy het haar vuis opgesteek in die lug en Amandla geskree en die gehoor het geantwoord "Ngawetu".

MNR. JACOBS: Wie is sy? -- Benedicta Monama.

K251 (Video word gespeel - stop.) Nr. 983. -- Dit wil sê nou ek gaan verwys na die twee persone aan my regterkant soos ek nou hier staan. Die heel eerste een daar is "Mrs Albertina Sisulu."

HOF: Is dit die een wat rooi aan het? -- Ja.

Ja? -- Die een in groen dit is mev. Dorothy Nyembe.

MNR. JACOBS: Kan jy sê wie is die derde persoon daar van regs af? -- Dié is nie duidelik van waar ek staan nie. Ek kan nie sien wie die persoon is nie.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 989. -- As ek nou van my regterhand begin die derde persoon is Amanda Kwadi.

HOF: Dit is dan die persoon wat aan die kant van Dorothy Nyembe sit? Dorothy Nyembe is nie nou op die prentjie nie. -- Ja.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 1061. -- Dié wat ons nou daar sien is 'n "poster". Daar was wel pamflette gewees met dieselfde bewoording wat gebruik was daar, eintlik wat daar

versprei/..

versprei was vir die mense om kennis te neem van die bestaan van hierdie kongres.

Die plakkaat het bo-aan AZASO, links bo "attend", regs "fourth annual congress women in struggle" en dan is daar 'n blokkie wat die datum en die tyd en die plek aandui.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 1310. Ek notuleer dat ons nou op 1310 is en ek neem die verdaging tot 14h00.

HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE. HOF HERVAT.

C252 MR BIZOS: My Lord, we tried in vain to get copies of these tapes beforehand without success, even though we offered that we would bring our own tapes without the State going to any further expense.

COURT: Maybe there was a danger you would wipe out the originals.

MR BIZOS: Well, we only asked for a copy, but ...

COURT: I do not know how they work.

MR BIZOS: We only asked for a copy. We do know that Our Learned Friends have copies of this. We are not anxious to come into possession of what is said to be the original, the one that Your Lordship's registrar will - but on the other hand I think, with respect, we are entitled to a copy. There seems to be some doubt as to whether we are entitled to it or not. In so far as any doubt exists I am going to ask Your Lordship for a direction that a copy should ...

COURT: Would you be entitled to a copy of material which is to be placed before Court before it is placed before Court?

MR BIZOS: Not necessarily. Not necessarily. This is why we did not worry Your Lordship beforehand and I must say, in fairness to My Learned Friends and the police, arrangements were actually made for the tapes to be seen in prison by the accused and some of the legal representatives for which we say thank you, but we are certainly entitled to it in our respectful submission once

it has/..

it has been handed in, on whatever basis it may have been handed in, and we did tender to use our own tapes so that the State does not go to that extra expense. The question is that I am asking for a directive that whatever has been placed before the Court should be either handed a copy or be allowed to make a copy, preferably from the copy because we do not want to touch this one.

COURT: Could I just enquire - het u afskrifte van die video?

MNR. JACOBS: Ons het een afskrif wat ons gebruik het om al die transkripsies te maak sodat daar nie van daardie een gebruik gemaak word nooit nie.

HOF: Nou, hierdie een sal ek nie uit my besit laat gaan om afskrifte van te maak nie, maar is dit moontlik dat u u kopie beskikbaar stel om 'n afskrif dan te laat maak deur mnr. Bizos?

MNR. JACOBS: Dit is nou moontlik. Ons was net voorheen - dit is reg, daar was gevra gewees en dit is altyd moeilik as ons weet die een moet voor die Hof kom. Ons kon nie daardie een wat geseël was oopmaak nie en gesê dat op die stadium as hy voor die Hof is dat daar dan 'n afskrif kan gemaak word.

HOF: Ek dink ons moet dit doen, want anders kan mnr. Bizos-hulle nie voorberei vir die betoog later nie.

MNR. JACOBS: Nee, ek het geen beswaar daarteen nie. Ons het ook gesê op daardie stadium ...

HOF: Sal u maar 'n reëling tref dan dat daar van die afskrif 'n kopie gemaak word deur hulle of vir hulle, afhangend hoe u voel.

MNR. JACOBS: Ons sal hierdie een wat hier is, die afskrif wat ons het, sal ons oorhandig aan mnr. Bizos, as hy dit net Maandag vir ons kan teruggee, dan kan hy 'n afskrif maak soos hy verkies of wat ook al. Dan is dit die afskrif.

HOF: Ja. Ek hou dan die oorspronklike.

MNR. JACOBS: Mag ek dan net sê die volgendes wat kom, wat hy dan wil sien, het ons gereël - het ek mnr. Yacoob gevra dat ons

COURT: Well, we will note that. Will you stop the proceedings when you get to that. While we have the proceedings stopped, do you know the song that is being sung? -- I know the rhythm. I do not know the wording, what the wording is exactly. I cannot hear properly. (Video is played - stop.)

MR BIZOS: I was wrong, My Lord. Sorry, the witness was right.

COURT: The witness was right. It is noted. What is the number now? No. 1378. The lady with the red frock is standing up to start to make a speech. Yes? (Video is played - stop.) The lady does not have a red frock on. It is merely a red neck-tie. Yes, continue. (Video is played - stop.) Nr. 1956. -- My versoek is dat daardie beeld daar is nie duidelik van waar ek staan nie. Is daar nie miskien ŉ manier waarop dit gedoen kan dat dit ŉ bietjie duideliker kan wees nie? Vernaam as hulle nou in die rigting van die mense wat daar sit kyk, dit wil sê na die gehoor, ek kan niks sien daar by die gehoor nie.

Soos dit nou is? -- Ja.

Ek dink u moet aanvaar dat die man wat dit opgeneem het ŉ amateur was en dat hy nie ŉ groot sukses daarvan gemaak het nie. -- Dit is dan goed so.

As jy moeg is kan jy sit enige tyd. Sit net so dat jy goed kan sien. -- Ek is nog reg.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 2015. Die einde van mev. Sisulu se toespraak, 2015. Gaan maar voort.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 2051. -- Die spreker daar is Amanda Kwadi.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 2315 is die einde van die toespraak van mev. Kwadi. Gaan voort.

(Video word gespeel - stop.) Ken u die lied wat nou gesing word? -- Ja.

Wat is die nommer nou? 2338. Wat is die lied? -- Ek weet nie

wat/..

wat die naam van die lied is nie, maar ek weet dat die bewoording is in die lied.

Ja, gee maar die bewoording. -- Hulle sing oor ene Lucy Ngubelo.

Wat sing hulle van haar? -- Dat Lucy met hulle speel, dit is letterlik, wat beteken dat sy gek van hulle speel. Die bewording iss in Zoeloe, maar ek sal dit in Sotho sê. Dit is "Mutwareng, mutwareng .." Dit is net "mutwareng." Ek weet nie hoe kom dit verder te verduidelik nie.

Wie is Lucy Ngubelo? -- Sover my kennis strek Lucy Ngubelo is een van die leiers van die "trade unions". Al weet ek nie presies wat die naam van die vakbond is nie, maar wat ek kan sê dit het meer te doen met die klerasiemense, dit wil sê die mense wat dit fabriseer.

Dit lyk nie uit die liedjie of hulle van haar hou nie? -- Dit is so.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 2358. -- In dieselfde lied maak hulle melding van die naam van Gatsha Buthelezi. Dit wil sê dan herhaal hulle wat hulle gesê het onder die naam van Lucy wat van Gatsha Buthelezi, onder Gatsha Buthelezi.

Dus hulle hou ook nie van hom nie? -- Volgens die lied, ja.

(Video word gespeel - stop.) Wat is die woord daar? Wat is die woord wat gebruik word? Is dit "bulala"? -- Ek het nie gehoor dat hulle melding maak van Bulala nie, maar in Sotho sal ek sê wat ek gehoor het wat daar gesê word, is "vang hom".

Nr. 2379. Ja, gaan voort. (Video word gespeel - stop.) Wat is die woord wat daar gebruik word? -- Ek probeer om goed te luister dat ek alles kan hoor wat hulle sê, maar op die einde van wat hulle sê daar praat hulle van "Inja". Ek het nie die eerste gedeelte goed gehoor nie.

Wat is die nommer? 2420. (Video word gespeel - stop.)

Nr 2438/..

Nr. 2438. -- Dit is een van die persone wat die "poetry" gedoen het. Gedurende hierdie jaar was hy in Turfloop-universiteit.

Het hy gedig voorgedra? -- Ja.

(Video word gespeel - stop.)

MNR. JACOBS: U Edele, kan ek net vra daar dat hy net vir ons miskien verduidelik, die vorige, wie is die mense van wie hy daar gepraat het, net 'n bietjie terug. (Video word teruggespeel - stop. Kan u net hierso luister en dan sê wie is die mense wat daar genoem word, wat die gedig oor gaan hier. (Video word gespeel - stop.) Die name wat nou daar genoem was. -- Hy het drie name genoem.

HOF: Nr. 2460. Ja? -- Solodi, Mogorani en Motaung.

MNR. JACOBS: Wie is hulle? -- Sover as wat my kennis strek oor hulle, hulle was deur die polisie gearresteer. In die koerante was dit duidelik gestel dat die persone - hulle was eintlik bestempel in die koerante as terroriste van die African National Congress se organisasie.

Weet u wat van hulle geword het? -- Sover as wat ek weet van hulle, hulle was doodveroordeel.

Is hulle gehang? -- Ek dra geen kennis daarvan, of hulle alreeds gehang was of nie.

HOF: Het u nie die naam Mahlangu daar gehoor nie?

MNR. JACOBS: Kan u dit miskien net vir hom terugdraai. (Video word gespeel - stop.) -- Ja, hy het Mahlangu se naam genoem.

En Solomon Mahlangu, is dit die persoon van wie jy ook voorheen in jou getuienis gepraat het, wat jy gesê het by Kochstraat se skietery betrokke was? -- Ja, ek het melding van hom gemaak.

HOF: Ja, ons verdaag dan by 2460.

HOF VERDAAG TOT 1986-05-12 OM 09h00.

- - -

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I1-11-84**
*Document Title:-* **Vol 84 p 4289-4310. Witness: IC12**